Stroom-op

Afrikaanse Hoër Meisieskool | www.ahmp.co.za | Eerste Uitgawe 2017

BLOUDRUK

BLOUDRUK

Kwartaal een tuimel jou soos `n tsoenami. Naderhand weet jy nie meer watter kant toe nie. Die graad 11's en 12's word op dag een al spartelend by die diep kant ingegooi. Die gr. 10's en 9's swem rustiger in lekker lou water en die verwilderde Vissies probeer vreesbevange hul vinne in die vlak water vind.

Kwartaal een was besonder blou. En nat. Ons land het die water nodig. Ons swembad ook.

Kode Blou was natter as gewoonlik. Die matrieks was sekerlik die mees opgewonde om hul skoolboeke agter te laat. (On)gelukkig was die gewone donderbui nie daar om (veral die gr.8's) skrik op die lyf te jaag nie.

Terwyl bevryde stemme deur Loftus weerklink, het `n misreëntjie oor ons Affie-see uitgesak. Maar niks kon die matrieks se entoesiasme demp om ná lange uitsien hul altyd toegeknoopte hemde te laat waai nie. Klappertand en bibberblou-belip het die dapperes ná hul waterkaskenades uit die swembad geklim. Voorbereide Affies het hul deurdrenkte skoolrokke vir `n gesellige warm alternatief verruil, terwyl die ander moes staatmaak op drukkies óf klere by `n koshuisvriendin bedel. Dis mos waarvoor jy vriendinne het - om jou warm te hou tydens Kode Blou!

Selfs UJ was effe "afgewater" as gevolg van die weervoorspelling wat nie wou saamspeel nie.

Na nóg `n Blou Maandag open Vincent's net betyds sy deure. Die matrieks kry `n tweede asem te danke aan Vincent's. `n Matriek se stapeldieët (vir laataande) bestaan mos uit suiker en kafeïen en dáárvan het Vincent's meer as genoeg.

En na `n week van sonskyn tref die reën ons temadans. Dit was nogal `n storie - die saalstoep het gelyk of `n hele prentjieboek se karakters ontsnap het. Maar selfs in die koue het ons steeds roomys geëet en die dansbaan warm gedans.

Kwartaal een was blou en nat. Kwartaal een… een kwartaal nader aan klaarmaak.

Besef jy dat Affie-wees en Affie-blou nie net eendimensioneel is nie? Soms verf Affie-blou ons in `n ligte luim en soms is die Affie-blou-skakering treurig en mistroostig. Dit vul in volkleur die Pilditch-stadion, dit spikkel oor ons skoolterrein, dit verteenwoordig elkeen: in die skoolbank, op die sportveld en aan die kultuurkant.

Blou is uitbundig, blou is bedees, blou is geesdriftig, blou is ons gees.

Blou is onmisbaar. En tog mis ons dit. Ons sien nie meer die mooi van die blou rok wat ons vinnig oor ons koppe gooi nie. Ons onthou nie meer die opgewonde Affie-trots van ons keppiekroning nie. Ons uitsien na die toekoms maak ons blind vir die oomblik.

Affie-blou is besonders. Beleef dit. Ons blou-verweefde bestaan.

-Maroné van Veijeren-

Afrikaanse Hoër Meisieskool

Eerste Uitgawe 2017

Atlete oortref alle verwagtinge

Affie atletiek skop die seisoen af met ons eerste massabyeenkoms te Nelspruit. Ons wen die byeenkoms met 611 punte gevolg deur Nelspruit met 329 en Lydenburg met 76. Ons 2de massbyeenkoms vind plaas te HTS Middelburg en daar wen ons ook die byeenkoms. Talle atlete behaal hul persoonlike bestes. Die TUKS/UITSIG-aflosbyeenkoms wat op 7 Februarie plaasgevind het, se dogtersafdeling word deur AHMP gewen. Op 10 Februarie neem ons deel aan die Florida Prestige te UJ. Die byeenkoms is ook ons eerste kompetisie teen A-bondspanne. Ons wen die kompetisie met 538 punte, Menlopark in die 2de plek met 433 en Kemptonpark in die derde plek met 379 punte. In 2016 wen ons die byeenkoms met `n 13 punte verskil tussen ons en Menlopark. In 2017 is die verskil 105 punte. Zeney van der Walt is hier gekroon as die beste baanatleet van die dag. Die AHMP-dogterspan wen ook die TOP 10-byeenkoms te TUKS.

Die B- en C-interhoër het ongelukkig nie plaasgevind nie, agv die reën. Tydens die A-Bond interhoër van 2017 wen ons weer die kompetisie vir die 4de keer in `n ry met 1294 punte, Menlopark in die 2de plek met 1177 punte en Zwartkop 3de met 1028 punte. Ons wen ook die hekkie- en spronge-trofee, eindig 2e in middelafstande, worpe en aflosse en derde in naellope. Ons wen Menlopark in 2016 met `n verskil van 66 punte, in 2017 met 117 punte.

Op 1 Maart neem ons deel aan die Super-interhoër op die Harry Oppenheimer stadion in Orkney. Vir die 2de keer in ons geskiedenis wen ons die kompetisie met 421 punte, Helpmekaar in die 2de plek met 381 en Kemptonpark 3de met 343 punte. Ons wen die byeenkoms in 2016 met `n verskil van 28 punte en in 2017 met 40 punte (tussen ons en Helpmekaar). Affies eindig eerste in die hekkies en worpe, 2de met middelafstande en aflosse en 3de met naellope en spronge.

Geesdag! Atletiekdag! Interhuisdag!

-Nicole Brink-

Affie-atletiek het op die eerste Maandag van die kwartaal met Interhuis-atletiek afgeskop. Die dag het die atlete hulle beste gegee, die toeskouers hul stemme hees geskreeu en almal het dit uitermate geniet! Die atletiek is deur Malherbe gewen. Vir die koshuis het dié Maandag maar blou geëindig, want na `n kop-aan-kop-stryd vir die geesbeker moes hulle die knie met slegs een punt verskil voor Verster buig.

Dit was werklik `n hoogtepunt so vroeg in die kwartaal vir elke Affie wat die dag saam met ons broers geniet het. Ek sien haar by die wenstreep!

Interhuisatletiekfoto's deur Suné du Preez

Redaksie 2017

Organiseerder:	Mev N Goetsch
Taalversorging:	Mev E Coetzee
Bladuitleg:	Susan Langeveldt – SL Studios
Redaktrise:	Maroné van Veijeren
Redaksie:	
Anina Booyse	Marise Kampman
Claudette Britz	Marisha Hermann
Danielle Esterhuysen	Marli Buys
Eugenie du Toit	Maude-Ann Marais
Greta Hechter	Nicole Brink
Jani Nel	Netanya Maritz
Kirsten Smith	Nicolene Vogel
Lara Opperman	Suné du Preez
Madeleen Pienaar	Xannee Jacobs

Afrikaanse Hoër Meisieskool

Eerste Uitgawe 2017

Skool met die meeste onderskeidings in die land

-Nicole Brink-

In 2016 het Affies weer `n 100%-slaagsyfer behaal – vir die 31ste opeenvolgende jaar. 208 matrieks het die eindeksamen geskryf en 730 onderskeidings is behaal plus 20 onderskeidings in Alpha Wiskunde. Dit is 3,5 onderskeidings per leerder – merkwaardig!

Affies is nasionaal bekroon as die skool met die meeste onderskeidings. Die groepgemiddeld is 76,5%. 14 leerders slaag met `n gemiddeld van 90%+. 93 leerders slaag met `n gemiddeld van 80%+, d.w.s. 107 leerders slaag met `n onderskeiding – 51% van die graad!

Die personeel van AHMP het in 11 vakke toekennings ontvang vir die beste prestasies in Tshwane-Suid.

Die asems is sowaar weggeslaan deur die matriekuitslae van 2016! Welgedaan!

Swem Interhuis lewer puik prestasies

-Xannée Jacobs-

Water wat spat, bloedrooi gebrande wange, emmers en emmers vol gees – dit is `n wenresep vir `n asemrowende dag om die swembad!

Prestasies is losgeswem. Duné Coetzee (graad 9) verwerf 4 goue medaljes in die 50m-vryslag, 50m-borsslag, 50m-rugslag, 50m-vlinderslag en verwerf ook die titel Junior Victrix Ludorum.

Carmen Botha (graad 12) wen goud in die 50m-vryslag, 50m-borsslag, 50m-rugslag, 50m-vlinderslag en verwerf ook die titel Senior Victrix Ludorum.

Die nuwe personeel het ook vir pret gesorg in die aflos. Huis Verster wen die swemafdeling, maar Koshuis wen die geesbeker (alweer, soos die laaste keer!).

Swembadwater en rekords spat

Weereens het die Affie-swemmers as geheel en individueel ons trots gemaak. Die spanne het deelgeneem aan vier ligas en drie van dié gewen. Die A-span was tweede in hul liga en die B-, C-, en D-spanne het elkeen hul ligas onderskeidelik gewen. Individueel het Affies ook uitgeblink. By die A-interhoër was Duné Coetzee die Junior Victrix Ludorum. In dieselfde liga was Carmen Botha tweede vir Senior Victrix Ludorum. Die B-liga het ook `n uitblinkertjie gehad. Carla van den Berg het goud gewen vir die 50m-vlinderslag asook vir die 100m-vryslag en die vryslagaflos, saam met Elize van Straaten, Mieke van Niekerk en Danielle West. Beide die vryslag en aflos het nuwe rekords laat spat. Dan het elke enkele dogter in die D-span minstens een medalje gewen. Die dogters was soos visse in die water. Wie weet watter dieptes hulle nog sal bereik?

Affie-personeel ontvang toekennings

-Kirsten Smith-

Personeel wat vereer is vir hul harde werk in 2016.
Mee. De Beer, Kotze, Louw, Swanepoel, Buys, Bosman, Franze, Troskie en Visser
Foto: Claudette Britz

Tydens die Gauteng Departement van Onderwys se Tshwane-Suid Distrik-byeenkoms is die skole in die distrik vir hulle uitstekende matriekuitslae vereer. AHMP het met 11 toekennings weggestap. Die Afrikaanse Hoër Meisieskool is ook aangewys as die skool met die meeste onderskeidings in die land, naamlik 730. Die toekennings vir beste onderwysers is as volg: Visuele Kuns: me Renée de Beer; Gasvryheidstudies: me Davina Bauer; Geografie: me Corna Buys; Engels Huistaal: me Erica Jacobs; Engels Eerste Addisionele Taal: me Simone Franze en me Ria Hugo; Afrikaans Huistaal: me Marguerite Swanepoel en me Elizabeth Grebe; Rekeningkunde: me Stefanie Visser; Besigheidstudies: me Isabel Troskie en me Lizel van der Watt; Wiskunde: me Beatrix Kotze; Wetenskap: me Ina Bosman; Lewenswetenskap: me Sandra Louw. Met sulke uitsonderlike personeel is dit nie `n wonder dat ons matriekuitslae so uitnemend is nie!

AFFIES KAN SWEM!

-Anina Booyse-

Affie-swemmers het hierdie seisoen weer stof in almal se oë geswem en die swemprestasies ingeryg. Swem-swem het hulle weer aan almal bewys dat jy ook swem met lekkerkry kan klaarkry.

Chrisna Venter het die afgelope seisoen Noord-Gauteng-kleure in Lewensredding verwerf. Dis nou sowaar iemand om naby jou in die water te hou.

Jana-Marie van Rooyen en Alicia van Staden is beide gekies vir die Gauteng-span. Dis nou "vinomenale" prestasies! Ons is trots op julle!

Baie geluk aan Engela Venter en Elize van Straaten wat vir hulle plekke in die Noord-Gauteng-span losgeswem het.

Tydens hierdie jaar se A-Liga Interhoër is Duné Coetzee vir `n tweede jaar agtereenvolgens as Junior Victrix Ludorum aangewys. Duné het hierdie jaar weer gewys waarom sy so hoog aangeskryf word. Tydens die Grand Prix-reeks in Durban het sy `n goue medalje in die 200m-vryslag en 100m-vlinderslag losgeswem. Sy het tydens die Stellenbosch-been van die reeks ook twee goue medaljes behaal – beide vir dieselfde items. Vir haar is die hoogtepunt egter haar insluiting in die Junior Protea-span, wat in Egipte deelgeneem het. Daar behaal sy 3 goue medaljes en een silwermedalje. Sy stel `n nuwe Suid-Afrikaanse rekord in die 200m-vryslag op.

SWEM, SUSSIE, SWEM!

-Anina Booyse-

Affies is vir seker nie bang vir water nie. Dit het Carmen Fair tydens hierdie jaar se Midmar-Myl bewys nadat sy en haar broers die familie-item vir `n vierde keer gewen het. Soos die vorige jare het hulle weer hulle slag in die water gewys en onoorwonne met hulle medaljes huis toe gekom. Carmen het op agtjarige ouderdom haar eerste Midmar geswem. Hulle wenresep is familie-ondersteuning – en dit maak dat hulle vanjaar aan hulle tiende Midmar-Myl deelgeneem het. Swem so voort!

Stroom-op

Afrikaanse Hoër Meisieskool

Eerste Uitgawe 2017

Vincent's maak sy hart en deure oop

–Jani Nel–



Juffrou Jordaan en Vincent Mtembu open die restaurant.
Foto: Suné du Preez

Vincent en dogters by die opening.
Foto: Marise Kampman

Op 7 Maart, die dag waarna menige Affie lank reeds uitgesien het, het Vincent's sy deure om 6:30 vir besigheid oopgemaak. Met groot opgewondenheid en `n goeie dosis nuuskierigheid het kliënte na Vincent's gestroom.

Items wat die meeste gekoop is op die eerste dag, is melkskommels, "slo jo's" en "doughnuts". Soveel melkskommels is verkoop dat 40 liter roomys die eerste dag opgebruik is!

Vincent's se spyskaart sluit alles en nog wat in: van ontbyt, vinnige gryp-en-gaan-items soos slaaie, broodjies en "wraps" asook burgers en meer substansiële disse soos T-been, kruisskyf en hoenderfilette.

Die soettande hoef nie bekommerd te wees nie – daar is nie net gesondheidsopsies nie. Daar is daagliks `n verskeidenheid van heerlike pannekoek, koeke en terte.

Aankope by Vincent's kan deur middel van kontant of `n Vincent's-kaart gemaak word. Die spesiale Vincent's-kaart kos R20 en geld kan op die kaart by die restaurant gelaai word of op Vincent's se webtuiste – www.vincents.co.za.

Vincent's is daagliks van 6:30 tot 18:00 oop asook op Saterdae van 7:00 tot 14:00. Dit sal slegs tydens die Desembervakansie gesluit wees.

Volgens me Chantal Smallberger, bestuurder van Vincent's, is die restaurant se fokus, behalwe die vul van honger mae, ook om `n diens aan die personeel en leerlinge van Affies te bied. Daarom hou Vincent's onder andere vars blomme aan wat vir spesiale geleentheide soos Valentynsdag en verjaarsdae aangekoop kan word.

Aangesien `n "grass party" `n onmisbare deel van Affie-wees is, voorsien Vincent's in hierdie behoefte ook. In plaas van eet- en drinkgoed saambring, kan Affies `n week voor hulle "grass party" `n bestelling by Vincent's maak vir `n mandjie met eet- en drinkgoed. Opsies waaruit gekies kan word, is:

1. Cupcake of brownie en koeldrank
2. Cupcake of brownie en koeldrank met `n sny pizza
3. Cupcake of brownie en koeldrank met `n vars rolletjie
4. Of maak jou eie mandjie op van die spyskaart af.

Vincent's is ook oop vir die publiek. Ouers kan dus gerus die nuwe kafeteria ondersteun en die heerlike Primo Gusto-koffie kom proe.

Vir dié van julle wat van `n ander planeet kom en eers onlangs hier aangeland het – Vincent's is vernoem na Vincent Mtembu, die skool se hekwag van die afgelope 10 jaar, wat elke Affie ken en altyd vriendelik in Afrikaans groet.

Beethoven versus Zeppelin?

–Greta Hechter–

Vivaldi was `n kunstenaar wat met note geverf het en Led Zeppelin is een van die mees bekende rockgroepe wat tot dusver gelewe het. Hoe kan een orkes musiek speel wat so hemelsbreed in genre verskil? Die antwoord is 67 dogters, een skoolstudentesentrum, `n fenomenale orkesleier en juffrou Bekker se pasta. Die AHMP-Jeugorkes spring weg en begin op `n hoë noot. Op die naweek van 4 tot 6 Februarie het hulle met vuur en vlam hulle nuwe musiek aangepak. Die orkeslede sien uit na `n baie voorspoedige musiekjaar wat voorlê. Nou sluit ek my lippe (of my pen), want die res sal julle nie iewers hoef te lees nie… Almal sal daaroor praat.

Affies wys hul (ware) Erekleure

–Kirsten Smith–

Op 9 Februarie 2017 het Affies se jaarlikse erekleurefunksie plaasgevind. By die funksie het 2016 se toppresteerders toekennings vir hulle akademiese prestasies ontvang. Van die 249 graad 8's van 2016 ontvang 113 akademiese toekennings. Hul groepgemiddeld was 78.85%. Die topakademiese presteerder van graad 8 was Mikayla Steenkamp met 'n gemiddeld van 94.80%.

Uit die 232 graad 9's van 2016 ontvang 120 akademiese toekennings. Hul groepgemiddeld was 76,11%. Die topakademiese presteerder van graad 9 was Crystel Olckers met 'n gemiddeld van 94,60%.

77 graad 10's van 2016 ontvang akademiese toekennings. Hul groepgemiddeld was 73,84%. Die toppresteerder van graad 10 was Emma Janse van Vuuren met 'n gemiddeld van 94.6%. Uit die 188 graad 11's van 2016 ontvang 69 akademiese toekennings. Hul groepgemiddeld was 74,9%. Die toppresteerders van graad 11 was Karen Venter en Anouk Vos, elkeen met 'n gemiddeld van 93.86%.

" VIS OF VLEES"

–Anina Booyse–

Die een dag is sy nog `n groot vis in `n klein dammetjie – so laerskool! En dan eensklaps word sy `n klein vissie in `n groot dam: hoërskool! Eintlik `n oseaan!

`n Nuwe vissie lyk mos maar altyd onseker in `n nuwe tuiste. Die nuwe graad 8-vissies was dus heel te verstane maar skaam en skugter met hul aankoms by AHMP.

Die blou stroom het stadig maar seker die verwarde vissies in `n skool begin saamsnoer. Die saamswoeg en -spartel om al die geheimenisse en tradisies onder die knie te kry, maak mos seker dat `n mens in een rigting saamtrek/swem.

En dan die hoogtepunt: die ware toets lê by die senior visse en daarvoor moet jy konsert hou. 2017 se vissies het gekonsert en al was daar dalk `n verwysing hier en daar wat nog onbekend aan hulle was, het hulle beslis nie water getrap nie.

Die vinnetjies was maar bewerig in afwagting van die aanvaarding, maar toe die kreet kom van "VIN-OMINAAL" en BLOU weerklink het, het hulle deel van ons Affie-sussies geword.

Die bekroning van hulle tyd in die oseaan het later tydens die opelugkonsert en `n keppiekroning onder die sterre plaasgevind. Die blou golf is nou ook hulle s'n om te ry, want vis of vlees, Affies is die bloudruk vir die lewe!

Ons kleinste Affie word gekroon.
Foto: Claudette Britz

Die toppresteerders van 2016:
Agter: Emma, Anouk en Karen. Voor: Chrystel en Mikayla.
Foto: Marise Kampman

Stroom-op

Afrikaanse Hoër Meisieskool

Eerste Uitgawe 2017

HERFSKONSERT MET SPRANKEL AANGEBIED

–Madeleen Pienaar–

`n Mens sou nie kon dink dit was 'n herfskonsert met die son wat so fel op Pretoria geskyn het nie. Op hierdie hittige Saterdag was `n groep musiekdames net so besig met AHMP se jaarlikse Herfskonsert onder die bekwame leiding van juffrou Susan Bekker en mevrou Alna Smit. Dit is vanjaar die tweede jaar wat dié konsert in die Brooklyn Teater in die Menlopark-omgewing plaasgevind het.

Dit was 'n lieflike geleentheid waar 'n paar van Affies se talentvolle musikante hul staal kon wys.Volgens juffrou Bekker is die doel van die Herfskonsert hoofsaaklik om Affies te bemark. Dit is ook 'n wonderlike geleentheid vir ons trotse senior musiekleerders om die ervaring van `n regte teater en blootstelling voor `n gehoor te kon ervaar. Jana Smit, een van die musiekleerders wat altviool bespeel, beaam dat dit `n besondere voorreg was om een van die gekose musikante te kon wees. "Dit wys `n mens ook watter vordering jy besig is om te maak en dat jy nie verniet oefen nie. Mense kan dan ook sien dat jy hard werk," sê sy. Musiekleerders respekteer die instrumente wat hulle beoefen. Die span bestee daagliks baie ure om elke snaar perfek te tokkel en om elke noot presies op sy plek te speel.

Colette du Toit, een van Affies se pianiste, sê ook dat dit lekker is om die musiek waaraan jy die hele jaar werk met mense wat dit kan geniet, te deel. "Nie almal kan voor mense speel nie. Dit is `n vaardigheid wat `n mens moet aanleer. As jy eers gemaklik is, is dit die beste gevoel. Die musiek kom dan net vanself," sê sy.

Affies blink in Paarl

–Maude-Ann Marais–

Die sewe Affie-dogters wat vanjaar aan die Paarl-tennistoernooi deelgeneem het, het werklik blootstelling gekry (en gegee) aan die beste tennisspelers in die land. Vanaf 8 tot 11 Maart is 12 van die beste skole in die land (Affies ingesluit) genooi om hieraan deel te neem. Almal het teen almal gespeel. Affies moes uit die 11 ander skole die knie buig teen Diamantveld, Bloemhof (nes elke ander span) en Stellenbosch. Hiermee eindig Affies 7de in die toernooi. Terwyl die skool in allerlei vreemde kostuums by die Temadans oor die dansbaan gesweef het, het die tennisspelers oor `n ander baan gedans en ongelooflike tennis gespeel.

Perdrykampioen

–Xannée Jacobs–

Nicole Bester, Affies se eie kampioenruiter, hou die skool se naam oral waar sy gaan, sommer baie hoog.

Nicole het van kleintyd af al `n passie vir perde. Sy het al oor en oor haar liefde vir dié sport bewys toe sy reeds haar eerste SA-titel op 10-jarige ouderdom in 2010 verower het. Op 12-jarige ouderdom word sy in die Gauteng Noord-span opgeneem en in 2013 haal sy die Protea-span.

Nicole is as die jongste Suid-Afrikaner wat dit kon wen tydens die wêreldkampioenskap aangewys en verower `n eerste plek. Sy het in 2014 in spanverband aan haar eerste Wêreldbekerkompetisie in Ashville, North Carolina, deelgeneem en hulle verower 2 silwermedaljes.

In 2016 het Nicole aan haar tweede Wêreldbekerkompetisie in Stellenbosch deelgeneem en haar span maak geskiedenis deur dit vir die eerste keer in 6 jaar te wen. Sy behaal ook die meeste punte in die Vyfgangafdeling en sy is vir die 5de agtereenvolgende jaar vir die Protea-span gekies. Hulle vlieg in Maart Atlanta toe vir hulle volgende kompetisie.

Ons wens vir Nicole geluk met haar puik prestasies en ons wens haar ook sterkte toe met haar blink toekoms wat voorlê.

INNEKE JOSLING: MY OLIMPIESE DROOM

–Anina Booyse–

Gimnastiek is een van die mees grasieuse sportsoorte wat daar is. Dit verg `n sin vir flair, drama en balans en `n sterk en gedissiplineerde werksetiek. Heel gepas dus dat een van ons eie Affies, Inneke Josling, gr 9, hoë hoogtes bereik.

Vir Inneke het hierdie sprokiesverhaal op 4-jarige ouderdom begin, toe haar ma haar en haar sussie vir gimnastiek ingeskryf het, en dáár het haar liefde vir gimnastiek begin.

Al laat Inneke dit so maklik lyk, verg dit baie toewyding en harde werk. Hierdie harde werk is ruim beloon. Gedurende 2016 het sy in die VSA deelgeneem en `n 1ste plek (balk) en 2de plek (vloer) behaal! In Desember vanjaar verteenwoordig sy Suid-Afrika (en AHMP) as lid van Span SA in Serwië.

En saam met Inneke sien ons ook uit na die dag wanneer sy by die Olimpiese Spele op die podium staan om haar goue medalje te ontvang.

Vir al haar Affie-sussies sê sy: "Met `n sterk wil en deursettingsvermoë sal jy die vrugte pluk."

Van kleins af ry (reis) sy die wêreld deur!

–Marisha Hermann–

Amory Smith, Graad 8, ry al vandat sy twee jaar oud is, perd. Sy is in Desember 2016 uitgenooi om aan die Junior Champs in Hillcrest, Durban deel te neem. Daar het sy teen 16- en 18-jariges gedresseer. `n Eerste en tweede plek is daar deur haar verower. In Desember 2017 gaan sy Duitsland toe om daar by `n Olimpiese beoordelaar afrigting te ontvang. Haar doelwit is om eendag Springbok-kleure te verdien en dan wil sy kwalifiseer vir die Olimpiese Spele. In Suid-Afrika is daar slegs twee perderuiters wat die vlak ry wat sy nou ry.

Sy geniet die perdry uitermate baie. Ons wens vir die graad 8-vissie sterkte toe. Sy kan nie net in die blou golf swem nie, maar ook op droë grond galop.

Ons Affie-meisies maak musiek

AHMP het hierdie jaar die ryke oes van nege dogters wat gekies is vir die Simfonia Juventi. Hierdie orkes is `n provinsiale orkes wat ook toer en uitvoerings gaan hou in onder meer Heidelberg, Modimolle, Mookgophong en Pretoria.

Die dogters is: Myette du Preez, Lize Fourie, Elza Kühn, Martinet Labuschagne, Annette Semmelink, Jana Smith, Menieke Steenkamp, Anika van Zijl en Christelle Venter.

Stroom-op

Afrikaanse Hoër Meisieskool

Eerste Uitgawe 2017

Suksesvolle Medunsa-uitreik

–Jani Nel–

As deel van Affies se program om leerders aan gemeenskapswerk bloot te stel en sodoende waardevolle ure op te bou, het 'n groep graad 11- en 12-leerders op 25 Februarie 2017 Medunsa besoek. Die groep het hulle Saterdagoggend opgeoffer om saam met me. Marthie Davel die kindertjies met kanker by die hosptiaal te besoek. Tydens die besoek het die groep met die kindertjies gespeel en hulle dag opgehelder deur hulle spesiaal te laat voel.

Volgens me. Davel besef die skool dat baie studierigtings gemeenskapsdiensure as deel van die aansoek vereis. Daarom word geleenthede vir Affies gereël waartydens gemeenskapsdiensure opgebou kan word. As jy hierdie besondere uitreik misgeloop het, vertrek daar elke Dinsdag 'n bussie ná skool na die Sunnyside-ouetehuis en op Woensdae na 'n naskoolsentrum in Sunnyside.

Foto's: Suné du Preez

'n Yskoue Kode Blou...

–Lara Opperman–

Op 23 Februarie het 1 170 meisies al gillend en jillend uit AHMP se terrein gestorm en na Loftus Versfeld gedraf-stap. Kode Blou 2017 was uiteindelik hier!

Die gehardloop na Loftus Versfeld het vir die jaarlikse Kode Blou-beserings gesorg. Dit behels onder andere blou kolle en skrape wat in die meisies se blou stormloop opgedoen is. Terwyl die stemme deur die stadion weerklink het, het 'n sagte reënbui oor Pretoria uitgesak.

Die terugtog skool toe is met spoed en entoesiasme aangepak, aangesien die eindbestemming die swembad was. Met die aankoms by die skool het die natgereënde meisies geklappertand van die koue. Die dapperes was huiwerig, maar het tog die koue swembad, in ware Affie-gees, aangedurf. Soos altyd is Kode Blou afgesluit met die sing van Blou in die swembad. Die warm weerklank van die lied het die koue en bibbering uit elke Affie-hart en -lyf verdryf.

Affies bied meer as net skoolwerk

–Nicolene Vogel–

Me Des McLean het nog altyd 'n liefde vir naaldwerk gehad, en het besluit om haar kennis met ons te kom deel. Sy het begin om naaldwerkklasse by die skool aan te bied. Dit vind op Maandae en Woensdae om 14:00 – 16:00 in haar klas plaas. Die leerders is tans besig om te leer hoe om 'n basiese kortbroek en bloesie te maak.

Enigiemand wat belangstel, kan aansluit – of jy nou gevorderd is of net 'n beginner. Wie weet? Jy word dalk 'n mode-ontwerper van formaat!

Franse Oggend verlei jou sintuie

–Maroné van Veijeren–

Sommer reeds vroeg in Februarie het die Affiemesdames en -mademoiselles hulself weer Frans gehou. Wat is nou meer chic en Frans as 'n pragbottel parfuum? Daarvan kon die parfuum-geïnspireerde tafeldekor by vanjaar se Franse Parfuumoggend beslis getuig.

Vanjaar is ons sintuie met topverkopergeure getrakteer. Met 'n ryke geskiedenis van 250 jaar is Givaudan die voorloper op die parfuumgebied. So het die spreker, Lydia van Wielligh-Steyn, ons vertel. Hierdie maatskappy vervaardig byna al die verleidelike geure, ook dié wat ons waspoeier laat lekker ruik. Het jy geweet daar is bykans 400 natuurlike geure en 4000 sintetiese geure wat in parfuumvervaardiging gebruik word?

Indien jy verby 'n verruklike parfuumwalm in die skool se gange wandel, is dit heel waarskynlik een van die paar gelukkige wenners wat van die verleidelikste gebottelde geure huis toe kon neem.

Met goeie verbeelding het ons heerlik verder gekuier by ons Paryse straatcafé en aan 'n eg Franse ete gesmul. En die kersie op die koek… ryk, romerige Crème Parisienne vir nagereg!

Koshuis versus Dorpie

–Marli Buys en Suné du Preez–

Kosblik van 'n dorpie: Lekker ham-en-kaas-toebie met 'n sappie en 'n appel.

Kosblik van 'n koshuisbrakkie: Droë Pro Vitas… daarom word die dorpie se kosblik nadergetrek…

Dorpie se data: Raak nooit op nie, want sy het altyd Wi-Fi by die huis.

Koshuisbrakkie se data: Binne twee dae op, gebruik elke dag al haar koshuis Wi-Fi op, sit dan by Vincent's vir "Free Wi-Fi" en gebruik die Tshwane-Wi-Fi vir so lank as moontlik. Leen dan 'n dorpie se foon…

Dorpie se naweek: Sosiale vlinder en enige plek behalwe alleen tuis.

Koshuisbrakkie se naweek: Anti-sosiale bed-vasmonster wat nie van lig hou nie.

Verjaarsdaggeskenk van 'n dorpie: Woolworths handeroom in 'n mooi sakkie.

Verjaarsdaggeskenk van 'n koshuisbrakkie: 'n Groot glimlag en papierblomme vir jou rok!

Foto: Marise Kampman

Stroom-op

Afrikaanse Hoër Meisieskool

Eerste Uitgawe 2017

'n Valentynsdag vol warm liefde...

–Lara Opperman–

Die atmosfeer in die skoolsaal kon met 'n mes gesny word. Die oomblik toe Elaina Lotter aangekondig het dat die beroemde Bok van Blerk wel sou optree, is daar gegil soos daar slegs op Pilditch gegil word.

Al die meisies was skoon uitgeput na hierdie entoesiastiese sangsessie. Pouse is daar na AHS oorgestap vir 'n heerlike uurlange kuiergeleentheid. Die liefdesdag is getooi met rooi rose, heerlike sjokolade en kaartjies wat tussen die meisies en seuns uitgeruil is.

Valentynsdag 2017 is met opwinding en vreugde gevul. Elke Affiemeisie het skelmpies gewens dat Bok van Blerk hulle Valentyn kon wees...

Foto's: Netanay en Marise

Affies se eie hokkiester skitter!

–Xannée Jacobs–

Hokkie is haar passie. Sy neem al vanaf graad 1 aan hokkie deel. Shelmy Hall, Affies se eie hokkiester, blink uit op die hokkieveld.

Shelmy is in graad 8 vir die Northerns-span gekies. Die Northerns-span het aan die SA-toernooi deelgeneem en is sy vir Suid-Afrika se onder 16A-span gekies.

Die o/16A-span het by Boys High aan die Tri Nations-toernooi teen Namibië en Zimbabwe deelgeneem en het eerste geëindig.

Shelmy se hokkietoekoms blink en ons wens haar die beste toe.

Drama-aand bekoor gehoor

–Nicolene Vogel en Madeleen Pienaar–

Die dramaklub het op Woensdag 15 Maart weereens vir groot opwinding met hul eerste drama-aand van die jaar gesorg. Die juniors het beslis die gehoor se aandag met hul interessante tonele getrek en die seniors het hul dramavermoëns behoorlik met fisiese teater en improvisasie getoets. Die onderwysers se toneel het natuurlik die gehoor laat lê van die lag! Die hoogtepunt was egter toe juffrou Jordaan as 'n brandweervrou op die verhoog verskyn het. Sy was, soos gewoonlik, aan die brand.

Tans het die dramaklub 130 lede en hulle neem ook deel aan Eisteddfods en Kunstefeeste. Ons wens graag die bestuurslede vir 2017 geluk. Hulle is: Samantha Dolman (voorsitter), Bianca Gravett (ondervoorsitter) en Lisa Michau (ondervoorsitter). Dit is duidelik dat die klub besig is om groot opgang te maak.

Baie dankie aan elke drama-personeellid en aktrise vir 'n baie suksesvolle aand - ons kan nie wag vir die volgende een nie!

Dramaklub-bestuur:
Lisa, me. Engelbrecht, Samantha en Bianca.
Foto: Madeleen Pienaar

Ma-en-dogteroggend

–Kirsten Smith–

Die liefde wat 'n ma en dogter vir mekaar het, is sterker as enige ander liefde. Hierdie liefde is weereens bewys deur Affies se matrieks en hulle ma's tydens die jaarlikse Ma-en-dogteroggend, wat op 18 Februarie gehou is. By hierdie pragtige geleentheid het die dogters saam met hulle ma's 'n heerlike oggend van spesiale gassprekers, eethappies en pryse gehad. Die verrigtinge het in die saal plaasgevind, wat pragtig met wit en groen dekor versier is.

Agter in die saal is elke matriek se graad 1-foto opgeplak, wat by die oggend se tema van 'soete herinneringe' gepas het. Die Presidente van 2013, Nicola Immelman, was die geleentheid se seremoniemeester. Beide die gassprekers is oud-Affies, naamlik Annie Malan en Bernette Bergentuin. Hulle het elkeen 'n pragtige boodskap gelewer. Hierdie geleentheid het elke dogter en haar ma laat dink aan al die soete herinneringe van die lewe en hoe wonderlik die liefde tussen 'n dogter en haar ma is.

Ons praat steeds dieselfde taal

–Marisha Hermann–

Stroom-op het met mev. Vera de Klerk, 'n oud-Affie en voorsitter van die Oud-Affiebond, gaan praat oor watter tradisies in daardie dae op die terrein was en wat die Affie-meisies oor geslagte heen aan mekaar bind.

Geslag na geslag het oor die rooi stoepe geloop. Hulle het die koningsblou keppie op hulle koppe gedra en die boerenooi trots op hulle bors.

Oor die jare het sommige tradisies op die Affie-terrein verander. Kode Blou se naam was nie altyd daar nie. Vroeër was dit die gebruik om net voor die eksamen in die swembad te spring. Op lentedag het die skool blomme gebring en dit dan na die hospitale geneem. Die "blomtuine" wat op die terrein rondloop as hulle verjaarsdae gevier word, het die Affies jare gelede ook gedoen. Pilditch-atletiek was 'n baie groot hoogtepunt, toe en nou. Die Onse Vader wat Vrydae vir ons hoendervleis gee, het al vir duisende Affies voor ons ook hoendervleis gegee. Die musiek tydens keppiesaal klink al vir jare en nadat die klanke verdwyn het, moes die selfbeheersing streng toegepas word om nie hande te klap nie.

Mevrou De Klerk vertel toe sy in standerd ses was, het hulle gewaag om hande te klap in die saal nadat een van haar klasmaats baie mooi klavier gespeel het. Juffrou Steyn het die Bybel op die tafel neergesit en het gesê: 'Hoe durf julle my Vrydag-saal ontstig!' Nooit weer het hulle hande geklap nie.

Dit is die huidige geslag Affies se plig om ons taal en tradisies in ere te hou. Dit is dié tradisies wat ons Affie-harte van trots laat swel. Mev. De Klerk was amper twee geslagte gelede in Affies en ons praat steeds dieselfde taal – Affie-taal.

Hoe het Affies hul Valentynsdag deurgebring?



- Alleen en gelukkig, natuurlik!
- Met my familie, hulle is tog my grootste liefde
- Net ek en my vriendinne – wie het nou meer nodig?!
- Verlief en verlore in sy oë
- Anti-Valentynsdag – dis net 'n bemarkingsfoefie!
- Bok was meer as genoeg sports

Skaakmat op Grey

Skaak – die spel van konings. Die vier hoofredes om skaak te speel, is dat dit:

1. baie goed is vir kreatiwiteit,
2. jou help om jou konsentrasie te verbeter, en
3. help om jou geheue te versterk.

Op 17 Februarie vertrek 'n bus vol opgewonde meisies na Bloemfontein waar hulle die naweek teen Grey College skaak gaan speel. Soos altyd het die Grey-seuns die Affie-meisies soos ware dames behandel.

Gedurende die naweek is daar darem nie net skaak gespeel nie.

4. Die vierde rede waarom jy skaak moet speel, is om jou sosiale vaardighede te verbeter, en waar kan dit beter as by Grey College plaasvind?

Stroom-op

Afrikaanse Hoër Meisieskool

Eerste Uitgawe 2017

CSV nooi jou uit!

–Mev R. Hugo en Madeleen Pienaar–

Die CSV-bestuur

Die CSV het in die eerste kwartaal 'n hele paar interessante en geseënde aksies gehad. Daar was inspirerende verhale en ook 'n baie opwindende prys-en-lofsangaand. Die Fusion Band het weer kom optree en ds. Jean Symons, hoof van Doxa Deo, het die aand gelei. In die tweede kwartaal gaan die CSV op uitreike fokus en die uitreik na Prinshof Skool vir Blindes sal plaasvind. Dit beloof om 'n interessante uitstappie te wees. Christine en haar span is staatmakers. Kom ontmoet die CSV elke Dinsdag pouse in kamer 68 of soms in die studentesentrum. Dit bly heerlik om God saam te dien.

Nuwe Personeel

–Daniell Esterhuysen–

Agter: Me. Bromfield
Voor: Me. Homann, me. Wentzel, me. Schoeman en me. Davel
Foto: Claudette Britz

Die Affie-familie word elke jaar met nuwe personeel verryk. In 2017 het die personeel met tien nuwelinge gegroei en elkeen lewer 'n positiewe bydrae by die skool. Met drie nuwe Afrikaans-onderwyseresse, naamlik mev Bromfield, me Homann en mev Wentzel, is die Afrikaans-departement nog groter en beter. Twee nuwe menere het by ons aangesluit, naamlik mnr. Van der Wal in die finansieskantoor en mnr. Berrange wat optree as ons nuwe faktotum. Die ander nuwelinge is me Stofberg wat Wetenskap en Biologie gee, mev Davel wat Geskiedenis gee, mev Schoeman wat L.O gee, mev Janse van Vuuren wat Engels geen en mev Thysma by Gasvryheidstudies. Elke nuwe onderwyser en nuwe personeellid is nou deel van die Affie-familie en die nuwe gesigte op die rooi stoepe begin nou al hoe meer bekend lyk.

Huwelikskloke lui by Affies

Baie geluk aan twee van ons personeel wat in die huwelik getree het. Juffrou Berg het met mnr. Danie Stofberg in die huwelik getree en Juffrou Kritzinger het ja gesê vir mnr. Lorenzo Meintjes.

Singapoer word BLOU geverf

–Lara Opperman–

Op 24 November 2016 het die 0/15 A-netbalspan, tesame met hulle afrigter, me. N. Olivier, spanbestuurder, me. S. Olivier en me. M. du Plessis, na die pragtige eiland van Singapoer vertrek. Hulle is by die lughawe as internasionale gaste verwelkom deur leerders van die Singapore Sports School, waar die span vir die duur van die toer sou tuisgaan.

Die tropiese Singapoer-klimaat was 'n groot aanpassing vir die Suid-Afrikaners en die hoë humiditeit het die Affiemeisies behoorlik laat sweet. Die 0/15 A-span het talentvolle spanne soos Singapore Sports School B, Nhlahlayethu Secondary School (Suid-Afrika), North Eastern Angels (Engeland) en Raffles Girls School (Singapoer) uitgestof en is as die wenners van Groep A aangewys.

In die kwartfinaal het AHMP loshande teen Singapore Sports School A gewen. Die semi-finaal was egter 'n ander storie. Alhoewel die 0/15's hard geveg het, moes hulle uiteindelik die knie buig teen die Bukit Jalil Sports School (Maleisië). Affies eindig algeheel in die vierde plek en die North Eastern Angels word as die wenners gekroon.

Daar is vir seker nie nét netbal gespeel nie! Die 0/15's het die hele Singapoer verken. Die asemrowende 'Gardens at the Bay' is besoek, waar hulle vermaak is deur 'n feestelike ligvertoning. Die Singapoer Dieretuin was 'n absolute belewenis! Universal Studios was die hoogtepunt van die toer.

Na afloop van die toernooi het die span vir 'n kort besoek aan Maleisië vertrek. In Kuala Lumpur is die wêreldbekende KL Toring besoek, wat 283 m bo die aarde uittroon. Om alles te kroon, is die meisies bederf met 'n middagete in die draai-restaurant wat op die boonste vlak van die toring is. Dit was 'n onvergeetlike en verrykende ervaring vir elke spanlid. So 'n geleentheid kom net eenmaal in 'n leeftyd voor!

Die o/15-span by Universal Studios.

Cherry Blossoms in Pretoria!

–Greta Hechter–

The cherry blossom is a flower usually found on the 'Genus Prunus', more commonly known as the Japanese Cherry Tree.

In Pretoria the words 'Cherry Blossom' means something different, and ultimately more: The Cherry Blossom project. The Cherry Blossom Project is a community supported project who's main objective is to collect previously used formal dresses to donate to less fortunate matric girls.

This project started in 2014 when Puno Selesho lent her own matric dance dress to the top achiever in Vlakfontein Secondary High School. When the Facebook-community caught wind of this story, the little spark that Puno had lit ignited into a raging fire. In 2017 the Grade 10 Home Language classes were given a chance to participate by an Affie-Alumni who had asked them for assistance. The classes helped to write inspirational letters to the 66 matric girls who attend Modilati Secondary school. Modilati's matric dance is in March this year instead of the months between September and November like most other schools' dances.

The Cherry Blossom project: "Unearthing her worth one dress at a time."

Temadans

Foto's: Claudette Britz